we touch lives
we give hope

NG WELSYN
HOOFKANTOOR
Geregistreerde Welsynsorganisasie
info@ngwelsyn.co.za
Posbus 1570, Potchefstroom, 2520
T: 018 297 3928/9/30

NG WELFARE
HEAD OFFICE
Registered Welfare Organisation
002-059 NPO (Non Profit Organisation)
Peter Mokaba Avenue 104, Potchefstroom 2531
F: 018 293 1027

Maatskaplike Welsynsdienste | Social Welfare Services

24 November 2023

Goeie dag Kollega,

In sake die ondersteuning van die Beeld Kinderfonds

Alle bydraes deur NG Gemeentes in Sinode Goudland aan die Beeld Kinderfonds kom terug na NG Welsyn en word vir die 2 kinderhuise (Abraham Kriel in Potchefstroom en Catherine Robson in Vereeniging) aangewend.

Verlede jaar is die fondse hoofsaaklik aangewend om kinders se skoolprestasies te verbeter om hulle sodoende beter geleenthede in die lewe te bied. Die kinderhuise se fokus op beter akademiese prestasies het die gewensde resultate gelewer. In 2023 het Abraham Kriel Kinderhuis byvoorbeeld 7 studente wat aan die NWU studeer en 1 student aan die MDCS Akademie. Een van die matrikulante van 2022 het sewe onderskeidings behaal. Hy studeer tans B.Comm Rekeningkunde en het sover onderskeidings vir al die modules. Dit is geleenthede wat nie moontlik sou wees sonder gemeentes se bydraes aan die Beeld Kinderfonds nie

Ons vra en moedig gemeentes aan om hulle Kersdag-dankoffers aan Beeld se Kinderfonds oor te betaal. Vind aangeheg ‘n “bank confirmation letter” wat Beeld Kinderfonds se bankbesonderhede bevestig. Wanneer fondse wel aan Beeld se Kinderfonds oorbetaal word, moet die gemeente se naam asseblief as verwysing aangedui word.

By voorbaat baie dankie.

Cobus Niemand
Ds. HJ Niemand
Voorsitter: Direksie NG Welsyn
Voorsitter: Sinodale Kommissie Diens van Barmhartigheid